# Eenheid 15 Ritmepatrone in metrum met liggaamsperkussie of slaginstrumente

**Sleutelwoorde**


**musiekmate:** patrone van note word saam gegroepeer in musiek in hierdie eenhede

**tydmaatteken:** lyk soos 'n breuk en dui die tyd aan waarin die musiek gespeel word.

**Nota**

Onthou: meter is 'n eenheid waarin afstand gemeet word. Metrum is die manier waarop ons meet hoe vinnig of stadig musiek is.


Note kan in ritmepatrone gekombineer word. Klap interessante ritmes, soos die naam van jou maat, jou skool, of jou gunstelingkos.




Patrone van note word in musiek saam gegroepeer. Hierdie eenhede word **musiekmate** genoem. Die musieknote word op vyf lyne geskryf. Daar moet altyd 'n **tydmaatteken** aan die begin van die lyne wees om aan te dui in watter tyd die musiek gespeel moet word.

Musiek in 4-metrum is musiek waarop jy maklik kan loop of marsjeer. Dit word dikwels marsmusiek genoem. Musiek in 3-metrum is musiek waarop jy kan dans of wals. Dit word dikwels walsmusiek genoem.

Luister na jou onderwyser se voorbeelde van musiek in 4-metrum en musiek in 3-metrum. Kan jy die verskil tussen die musiek hoor?




## Aktiwiteit 15.1 Speel ritmepatrone


25 minute

**Jy benodig:**

- 'n paar ritmestokkies

Jou onderwyser sal jou aan die begin van die les laat opwarm en aan die einde laat afkoel.

1. Jou onderwyser sal jou lei om die ruggraat op te warm.
2. Verdeel in drie groepe. Elke groep moet een van die ritmepatrone speel.
3. Elke groep kry 'n beurt om hulle ritmepatroon alleen te speel.
4. Elke groep herhaal hulle patroon voor die volgende groep hulle s'n speel.
5. a) Beskryf 'n musiekmaat in jou eie woorde.
   b) Wat in musiek noem ons ook 4-metrum?



*Ritmepatrone*

5(a) Dis patrone van note wat saam groepeer word in mate.

(b) Marsmusiek

# Nicky, knacky, knocky, noo

With my hands on my head,
What have we here?
This is my main thinker,
My teacher dear.
Main thinker,
Nicky, knacky, knocky, noo.
That's what they taught me
When I went to school.

With my hands on my head,
What have we here?
These are my eye blinkers,
My teacher dear.
Main thinker, eye blinkers,
Nicky, knacky, knocky, noo.
That's what they taught me
When I went to school.

This is my smell boxer

This is my chin wagger

This is my cough chester

This is my bread basket

These are my knee knockers

These are my toe tappers

